



BO: Suid-Afrika se mielie-opbrengs kan met 10% tot 20% daal as dit sonder 'n nikotinoïed-saadbehandeling geplant moet word.

FOTO: CHARL VAN ROOYEN

KORTOM

- Drie middels uit die nikotinoïed-groep plaagdoders is in Europa verban weens vrese oor hul moontlike gevaar vir heuningby-kolonies. 'n Verbod dreig ook in Amerika.
- Dié groep insekdoders word as onontbeerlik vir die landbou, ook in Suid-Afrika, beskou.
- CropLife SA het nou 'n veldtog geloods om die verantwoordelike gebruik van plaagdoders te verseker.

Korrekte gebruik kan plaagdoder-verbod afweer

Die voortgesette gebruik van 'n groep insekdoders wat as onontbeerlik vir die landbou beskou word, is in die weegskaal. Daarom word Suid-Afrikaanse boere vroegtydig gewaarsku om dit verantwoordelik te gebruik.

Sonder nikotinoïede, die groep insekdoders wat wêreldwyd op verskeie gewasse gebruik word, kan Suid-Afrika se sitrus- en tafeldruifboere skaars klaarkom. Die land se mielie-opbrengste kan selfs met 10% tot 20% daal as dit sonder 'n nikotinoïed-saadbehandeling geplant moet word, meen dr. Gerhard Verdoorn, plaagbestrydingskenner.

"Die landbou in Suid-Afrika het hierdie middels nodig. Daaronder sal ons uitvoerbedrywe vir tafeldruif en sitrus waarskynlik in die gedrang kom, want dit is die enigste insekdoder wat witluise en groenskurf hokslaan. Dit is ook noodsaaklik om ons mielie-opbrengste te stabiliseer. Geen ander alternatiewe chemiese middel is in die volgende vyf

jaar (ten minste) in die vooruitsig nie," sê Verdoorn.

INTERNASIONALE VERBOD

Die Europese Unie het onlangs 'n verbod op drie middels uit dié groep ingestel, in reaksie op vrese dat dit tot die uitsterf van heuningby-kolonies kan bydra.

Ook in Amerika dreig 'n nikotinoïed-verbod nadat konsepwetgewing in Julie by die Amerikaanse kongres ingedien is. As dit wetgewing sou word, sal die gebruik van vier middels verbied word, ten minste tot hul amptelike registrasie hersien is. Dié konsepwetgewing staan as die *Save American Pollinators Act* bekend.

Ongunstige publisiteit oor nikotinoïede het reeds uit lande soos Frankryk, Duitsland, Slowe-



LINKS BO: Die sitrusbedryf sal ook talle probleme ervaar indien nikotinoïede verbied word. FOTO: ANDRIES GROENEWALD

LINKS ONDER: Die tafeldruif-uitvoerbedryf kan in gedrang wees as die groep insekdoders verbied word. Dit is die enigste insekdoders wat witluise en groenskurf vasvat. FOTO: LUCILLE BOTHA

nië, Brasilië en Italië na Suid-Afrika oorgespoel, sê Verdoorn.

Om te verhoed dat dieselfde met Suid-Afrika gebeur, het CropLife SA, wat die plaaslike plaagbestrydingsbedryf verteenwoordig, nou 'n veldtog geloods om die verantwoordelike gebruik van nikotinoïede onder Suid-Afrikaanse boere te bevorder.

Verdoorn sê daar is 'n gebrek aan wetenskaplike bewyse dat dié middels wel heuningby-kolonies in Suid-Afrika bedreig. Hy meen nikotinoïede is besonder bruikbare insekdoders omdat hulle so teiken-spesifiek is en as onder meer saadbehandeling of blaarbespuiting toegedien kan word. Die toediening-hoeveelheid is ook veel laer as vir ouer, tradisionele insekdoders, soos organofosfate en piretroïede, wat skadeliker vir die omgewing kan wees.

"In die algemeen word swak wetenskap beoefen as stellings oor nikotinoïede gemaak word sonder om dit binne die konteks van ander plaagdoders se uitwerking te stel," sê Verdoorn in 'n verklaring hieroor namens CropLife SA.

"As daar algemene kommer oor die potensiele uitwerking van plaagbeheer op bye is, moet alle plaagbeheermiddels op 'n gelyke voet geëvalueer word, en wetenskaplike navorsing moet gedoen word om dié hipotese te toets."

Hy haal die eerste toksikoloog, die Switser Paracelsus (1493-1541), aan: "Alle middels is gifstowwe, daar is geen wat nie 'n gifstof is nie; die regte dosis onderskei 'n remedie van 'n gif."

33 MIDDELS

Altesaam 33 nikotinoïed-middels, met die aktiewe bestanddele asetamipried, tiaklopried, tiametoksam, imidaklopried en clotianidien is tans vir gebruik in Suid-Afrika geregistreer.

Dié nikotinoïed-middels word op talle gewasse as saadbehandelings en grond- en blaartoedienings gebruik in die plek van uiters giftige insekdoders wat vroeër algemeen gebruik is voordat neonikotinoïede beskikbaar was, sê Verdoorn. "CropLife SA glo dat neonikotinoïede, as hulle volgens die etiket-instrukties met die aanbevole veiligheidsmaatreëls

toegedien word, nie as 'n algemene bedreiging vir bye beskou kan word nie," lui die verklaring.

Verdoorn voeg by dat geen onafhanklike navorsing, hetsy in Suid-Afrika of elders, algetoon het dat heuningby-kolonies bedreig word as dié middels op korrekte wyse as saadbehandelings in realistiese toestande op die land gebruik word nie.

Die potensiele gevaar wat dit inhou wanneer dit as 'n bespuiting toegedien word, kan maklik met die nodige veiligheidsmaatreëls, soos om op 'n geskikte tyd te spuit, oorkom word, meen Verdoorn.

Wat neonikotinoïed-neerslag in die stuifmeel en nektar van saadbehandelde gewasse betref, sê hy talle internasionale studies het bewys dat dit bly konstant onder die drempel waar dit giftig vir bye is.

Ook die moontlikheid dat die nektar en stuifmeel van onkruid met neonikotinoïed-neerslag besmet kan word, is "so onwaarskynlik dat dit nie eens 'n faktor is om in ag te neem nie". CropLife SA moedig niemien vrugteboere, wat die middels gebruik, aan om hul boorde onkruidvry te hou, soos wat die meeste in elk geval reeds doen.

Oor neonikotinoïed-blaarbespuitings op vrugtebome sê die organisasie dié soort toediening hou geen gevaar in nie. Volgens hulle is die dosisse te laag om enigsins 'n uitwerking op bye te hê. Dit word in elk geval gedoen nadat die bloeiseis afgeval het.

Dieselfde geld egter nie vir katoen nie, en die registrasiehouers van neonikotinoïede wat nog vir gebruik op dié gewas geregistreer is, het ooreengekom om dié soort toediening in die volgende ronde van registrasie-hersiening van hul etikette te verwyder.

Nikotinoïede kan wel onwenslik in die omgewing versprei word deur stof wanneer behandelde saad geplant word. Verdoorn sê saadmaatskappye volg egter 'n amptelike riglyn waarvolgens saad ook met 'n polimeer behandel word wat die nikotinoïed op so 'n manier aan die saad-oppervlak bind dat dit nie met stof kan versprei nie.

LUGBESPUITINGS

Lugbespuitings is 'n probleem, en CropLife SA erken dat individuele boere en vlieëniers die wet oortree deur neonikotinoïede só toe te dien. Die organisasie het onderneem om sulke gevalle aan te meld en te help ondersoek.

Voorts is hulle bewus van boere wat neonikotinoïede toedien op gewasse waarvoor dié middels nie geregistreer is nie, asook van agente wat dié onwettige toedienings vir boere aanbeveel. Dit is nie net 'n ernstige oortreding van die wet nie, maar hou ook 'n gevaar vir bye en ander bestuiwers in, sê Verdoorn, en sulke oortreders moet streng vasgevat word.

Hy wys daarop dat CropLife SA in die proses is om 'n gedragskode vir die verantwoordelike gebruik van plaagdoders saam te stel, 'n sogenaamde bye-verordening (*Bee Decree*). Oortreders sal uit die organisasie geskors word, en 'n boete van tot R100 000 kan opgelê word. **LBW**

RIGLYNE

PLANT SÓ VERANTWOORDELIK

CropLife SA en die SA Nasionale Saadorganisasie (Sanson) gee 'n reeks riglyne vir die verantwoordelike plant van saad wat met 'n neonikotinoïed behandel is:

- Gebruik slegs saad wat met produkte van hoë gehalte en polimere behandel is.
- Volg die voorsorgmaatreëls op die sak en moenie lêe sakke hergebruik nie.
- Diens en onderhou jou plantertoerusting en kalibreer voordat jy plant.
- Hanteer saadsakke versigtig. Moenie die sakke gooi, laat val of onder druk plaas nie.
- Moenie in wind sterker as 18 km/h plant nie.
- Vermoed om te plant naby aangrensende gewasse wat in blom is, sodat die stof nie na sulke lande kan oorwaai nie. Moenie behandelde saad plant as daar 'n risiko is dat stof na plante kan waai wat in blom is nie.
- Verwyder eers alle plante wat in blom is op 'n land voordat jy daar plant.
- Maak met 'n vakuumpplanter seker die uitlaatklep blaas afwaarts en sodoende die stof onder die grond in.
- Plant die saad op die aanbevole diepte en maak die saad deeglik toe.
- Vermoed saad-vermorsing. Alle saad moet onmiddellik met grond bedek word, en saad wat gemors het, moet begrawe of in lêe saadsakke weggegooi word.
- Moet nooit die afval-saad langs die land vernietig nie. Moenie ou sakke in die land brand nie. Verwyder die sakke en hou saam met die ou sakke op 'n veilige plek, en vernietig dit saam met ander lêe houers.

'(Net) die regte dosis onderskei 'n remedie van 'n gif.'